

Maandag: Merk Vrg 7 en 8

Vraag 7 – Netwerke

- 7.1 Enige EEN metode (behalwe kitsboodskappe) van: ✓
- E-pos
 - SMS
 - Sosiale netwerke [*Aanvaar spesifieke voorbeelde, bv. WhatsApp, Facebook Messenger*](1)
- 7.2 Voorsien hulpbronne en dienste aan ander rekenaars op die netwerk ✓ (1)
- 7.3.1 Enige EEN voordeel van: ✓
- Toeganklik vanaf enige plek op enige toestel (met internettoegang)
 - Sinkronisering – het altyd die jongste weergawe van 'n lêer
 - Maklik om lêers met ander mense te deel
 - Rugsteun en sekuriteit word deur die stoorverskaffer voorsien (1)
- 7.3.2 Enige EEN voorbeeld van: ✓
- OneDrive
 - Dropbox
 - Google Drive, ens. (1)
- 7.4 Taamlik oop: aanvaar argumente gebaseer op die behoefte om veilig te kommunikeer (bv. op sosiale netwerke), die risiko van die skending van privaatheid, die moontlikheid van vertroulike inligting wat gelek kan word as dit nie behoorlik beskerm word nie, ens. ✓ (1)
- [5]**

Vraag 8 – Oplossingsontwikkeling

- 8.1 Enige EEN rede van: ✓
- Stoor dokument onder 'n nuwe naam
 - Stoor dokument op 'n ander plek (rekenaar / aandrywer / lêergids)
 - Verseker dat 'n bestaande dokument wat gestoor is nie oorskryf word nie (1)
- 8.2 Skuif (teks / enige objek) ✓ (1)
- 8.3 *Word* sal aanvaar dat hierdie die korrekte spelling is vir alle toekomstige gebruik van die spelkontroleerder ✓ (1)
- 8.4 As so 'n dokument gedruk word sal dit baie ink / laserdrukstof gebruik, dus duur wees om te druk ✓ (1)
- 8.5 Enige EEN rede van: ✓
- Wanneer jy tabelstoppunte met gidsstippels (*leaders*) wil instel
 - Wanneer jy 'n tabelstoppunte by 'n spesifieke posisie wil instel (1)

- 8.6 Enige EEN metode (behalwe om font kleiner te maak) van: ✓
- Maak kantlyne kleiner
 - Maak kolomwydtes kleiner
 - Verander oriëntasie na landskap
- (1)

[6]

Maandag: Doen Vrg 1 - 3

AFDELING A

Vraag 1

Identifiseer die korrekte antwoord vir elke vraag. Skryf slegs die nommer van elke vraag neer, met die enkele *hoofletter* wat die beste antwoord verteenwoordig langsaan, byvoorbeeld 1.11.A.

- 1.1 Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van apparatuur?
- A. Soekenjin
 - B. RAM
 - C. Databasis
 - D. Nutsbalk (*Toolbar*)
- (1)
- 1.2 Watter een van die volgende toestelle het normaalweg die kleinste bergingskapasiteit?
- A. Blu-ray
 - B. *Flash*-skyf
 - C. CD
 - D. Geheuekaart
- (1)
- 1.3 Van watter een van die volgende soorte programmatuur is Windows 8 'n voorbeeld?
- A. Freeware
 - B. Stelselprogrammatuur
 - C. Oopbronprogrammatuur
 - D. Shareware
- (1)
- 1.4 Watter een van die volgende verwys na 'n balkie aan die bokant van die skerm in toepassings soos die Microsoft Office Suite, wat opdragte in groepe plaas?
- A. *Ribbon*
 - B. Titelbalkie
 - C. Kieslysbalkie
 - D. *Tabs*
- (1)

- 1.5 Watter een van die volgende is NIE 'n voorbeeld van oopbronprogrammatuur nie?
A. MySQL
B. Microsoft Publisher
C. Linux
D. OpenOffice (1)
- 1.6 Watter een van die volgende kontroles bring mee dat die gebruiker net een keuse uit 'n gegewe stel opsies kan uitoefen?
A. *Command button*
B. *Check box*
C. *Combo box*
D. *Radio button* (1)
- 1.7 Met watter een van die volgende dele van die inligtingsverwerkingsiklus word die term *QWERTY* geassosieer?
A. Verwerking
B. Afvoer
C. Stoor
D. Toevoer (1)
- [7]

Vraag 2

Sê of elkeen van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

As die stelling ONWAAR is, skryf die woord 'Onwaar' neer, en langs dit die woord(e) wat die onderstreepte woord(e) moet vervang om die stelling WAAR te maak. (Let op dat geen punte toegeken sal word as 'Onwaar' sonder 'n voorgestelde vervanging gegee word nie.)

Voorbeeld 1: 'n Drukker is 'n voorbeeld van 'n afvoertoestel.

Antwoord: Waar

Voorbeeld 2: 'n Drukker is 'n voorbeeld van programmatuur.

Antwoord: Onwaar – apparaat.

- 2.1 Die moederbord is 'n area in die geheue waar teks en ander objekte wat gesny of gekopieer is, tydelik gestoor word. (1)
- 2.2 Microsoft Outlook is 'n voorbeeld van databasisprogrammatuur. (1)
- 2.3 POS-stelsels is ontwerp om die verkoop van goedere en dienste in die handel vinniger te laat gebeur. (1)
- 2.4 Die spoed van 'n drukker word gewoonlik gemeet aan die aantal bladsye wat dit in 'n minuut kan druk. (1)
- 2.5 Om 'n klomp opeenvolgende lêers, of lêers wat langsmekaar is, in 'n lêerbestuurder soos Windows Explorer te selekteer, kies die eerste een, hou die Alt-sleutel in en kies die laaste een. (1)

[5]

Vraag 3

Skryf slegs die *nommer* van die beskrywing in Kolom A neer, en langsaan die korrekte *hoofletter* van Kolom B wat daarby pas, byvoorbeeld 3.11 T

Kolom A	Kolom B
3.1 'n Wetlike ooreenkoms wat beskryf wat 'n gebruiker van 'n programmatuurpakket mag en nie mag doen nie	A. <i>Flash</i> B. OMR
3.2 Ongeveer 1000 kilogrepe (kilobytes)	C. RFID D. RSI
3.3 'n Spesifikasie van 'n monitor wat bepaal word deur die aantal beeldpunte (<i>pixels</i>)	E. WinRAR F. Megagreep (<i>Megabyte</i>)
3.4 Modules van geheue wat in gleuwe op die moederbord ingeprop word	G. Duim (Inches) H. EULA
3.5 'n Studieveld wat te doen het met sake soos die vermindering van skade wat die gebruik van toevoertoestelle soos sleutelborde op die liggaam het	I. Gigagreep (<i>Gigabyte</i>) J. <i>Plug-and-Play</i>
3.6 'n Voorbeeld van 'n nutsprogram wat gebruik word om lêers saam te pers	K. <i>Disk cleanup</i> L. Sagtekopie
3.7 Afvoer wat deur 'n drukker gelewer word	M. Resolusie N. DIMM's
3.8 'n Gesondheidstoestand wat na vore kan tree as gevolg van die aanhoudende gebruik van toevoertoestelle	O. HDMI P. Ergonomie Q. Hardekopie

[8]

Woensdag: Doen Vrg 4

Scenario

'n Sekere skool is besig om die rekenaarsentrum op te gradeer. Sekere masjiene word herstel, en 'n aantal nuwes sal aangekoop word. Die drukker en skandeerder moet ook vervang word, en 'n spesiale span is besig om die netwerk op te gradeer. Leerders is gretig om die nuwe apparaat te begin gebruik.

Vraag 4 – Apparatuur (1)

4.1 Sommige van die ouer rekenaars moet vervang word. Daar moet besluit word of hulle met skootrekenaars of tafelrekenaars vervang moet word.

4.1.1 Gee EEN voordeel en EEN nadeel van 'n skootrekenaar in vergelyking met 'n tafelrekenaar.

Onderskei duidelik tussen die voordeel en die nadeel in jou antwoord. (2)

4.1.2 Gee TWEE toevoertoestelle, behalwe die sleutelbord, wat gewoonlik in skootrekenaars ingebou is. (2)

4.2 Bestudeer die spesifikasies vir 'n rekenaar hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

- Intel Core i7
- 8 GB RAM
- 1 TB HDD
- 15.6" Skerm
- 2 x USB
- DVI- en HDMI-koppelvlakke
- McAfee Antivirus
- Office 365 *pre-installed*
- Windows 8.1
- Gratis biometriese *flash-skyf*

4.2.1 Noem die apparatuuritem waarna die spesifikasie 'Intel Core i7' verwys, en noem die eenheid waarin die spoed van hierdie item gemeet word. (2)

4.2.2 Gee die grootte van die hardeskyf. (2)

4.2.3 Verduidelik kortliks hoekom hierdie rekenaar (en enige ander rekenaar) meer stoor spasie as geheue spasie het. Verwys na die verskillende funksies van berging (stoor) en geheue. (2)

4.2.4 Gee EEN ander verskil tussen geheue en berging, afgesien van hul verskillende funksies wat jy reeds vir die vorige vraag gegee het. (1)

4.2.5 Noem die eenheid waarin die skermgrootte gemeet word. (1)

4.2.6 Die USB-poorte ondersteun *Plug-and-Play*.
Wat is *Plug-and-Play*? (1)

- 4.2.7 Daar is net twee USB-poorte op hierdie rekenaar.
Watter ekstra apparatuuritem sou nodig wees as mens nog USB-poorte sou wou byvoeg? (1)
- 4.2.8 Waarvoor word die DVI- en HDMI-koppelvlakke gewoonlik gebruik? (1)
- 4.2.9 Noem die bedryfstelsel wat op hierdie rekenaar geïnstalleer is. (1)
- 4.2.10 Die spesifikasies sluit 'n gratis biometriese *flash*-skyf in.
Verduidelik waarna die term biometries in die algemeen verwys en hoekom dit 'n nuttige eienskap op 'n *flash*-skyf kan wees. (2)
- [18]**

Prakties

Maandag

Excel functions



Woensdag

Excel functions deel 2:

